

Geliefde Lourensrivierder

Die eerste twee weke van die nuwe jaar is soos 'n warrelwind verby. Baie ouers het Woensdag vir die eerste keer 'n bondeltjie energie by die skoolhek gegroet – Graad RR, Graad R of Graad 1. Die begin van 'n opwindende skoolloopbaan. Dan is daar die matrikulante wat Woensdag deur die skoolhek gestap het....die laaste eerste dag, die laaste atletiekdag, die laaste Valentynsdag...Die laastes van baie vir 2020. Baie sterkte aan elke matrikulant en natuurlik ook aan elke ouer wat vanjaar met studietye moet ondersteun, motiveer en dan ook gereeld koeldrank en koekies sal moet aandra. – Riata Nel

## NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

- ♥ Van die Woekerhoekie se lekker smulhappies word nou teen halfprys verkoop.
- ♥ Loer gerus in by die Kerkkantoor en ondersteun die projek.



- ♥ 'n Groot verskeidenheid varsgebakte, watertand-lekker koekies (wat tannie Anna met liefde gebak het) is nou by die woekerhoekie @ R25 'n pakkie beskikbaar.



### **Help met rolstoel-ramp vir Alfred (74).**

Alfred is die afgelope 2 weke in 'n rolstoel en die trappe by sy voordeur maak dit onmoontlik om sy huis te verlaat. Hy is dringend op soek na 'n **rolstoel-ramp** wat hom sal help om in en uit sy huis in Da Gamastraat te kom.

Mense wat kan help kan hom bel:  
0848019599 / (021) 850-8949

### 2020 KERKKANTOOR-URE

#### FINANSIES:

**Maandae: 09:00 – 12:30**

**Dinsdae tot Vrydae: 08:00 - 12:30.**

Maak asseblief 'n afspraak vir besoeke na 12:30.  
(021) 853-5991

#### ONTVANGS/ADMIN:

Maandae: 09:00 – 16:00

Dinsdae, Woensdae, Donderdae: 08:00 - 16:00  
Vrydae: 08:00 - 13:00.

# Januarie & Februarie

## MAANDAE:

### RAPHA VROUEGROEP (elke 2de Maandag)

Die Rapha Vrouegroep kom Maandag 3 Februarie om 19:00 by die kerk bymekaar. Kontak Jackie 084 505 2908.  
Februarie: 3,17. Maart: 9,23.

## DINSDAE:

### VERITAS BYBELSKOOL

#### (Dinsdae mod. 1/2 en Woensdae mod. 3/4)

Module 1&2 van die Veritas Bybelskool begin Dinsdag 4 Februarie. Koste is R450 per persoon. Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting.(021) 853-5991.

## WOENSDAE:

### SENIOR MANNE:

Die senior manne kom Woensdae om 08:00 in die moederskamer by die kerk bymekaar. Kontak die kerkkantoor vir meer inligting. (021) 853-5991

### VROUEBIDUUR:

Die vrouebiduur begin Woensdag 5 Februarie om 09:00 in die moederskamer. Elke Woensdag.

### VERITAS BYBELSKOOL

#### (Dinsdae mod. 1/2 en Woensdae mod. 3/4)

Module 3&4 van die Veritas Bybelskool begin Woensdag 5 Februarie. Koste is R450 per persoon. Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting.(021) 853-5991.

## DONDERDAE:

### GEBEDSKURSUS:

Die Gebedskursus is gratis en word elke Donderdagoggend om 09:00 by die kerk aangebied. Die kursus begin op 6 Februarie. Kontak die Kerkkantoor: (021) 853-5991

## VRYDAE:

### SAKE MANNE:

Vrydae 06:00 – Vanaf Februarie.

### SNUFFELMARK

Woensdag 29 Januarie @ 12:00 by die kerk.

## SONDAE:

08:45 - Dinamiet Kiedz / Belofteland

09:00 - Diens

17:45 - Lifeline Jeug

## KNIEWERK



Danie du Preez in hospitaal.



## KOSKAS

Produkte wat benodig word vir die koskas.

**ONTHOU** produk(te) hoef nie meer as R50 te wees nie.....

### ELKE BIETJIE HELP

**Gebruik die Mannasakke in die mandjie by die kerkdeure:**

- Pakkies sop en sakkies sop-mengsels.
- Blikkies vis & bief
- blikkies gemengde groente.
- Pakkies Soya Mince
- 2 Minute Noodles.
- Spaghetti & Macaroni
- Klein pakkies suiker, koffie en tee.
- Poeiermelk & boksie melk.
- Toiletpapier, tandepasta, seep, sjampoe.
- Vroue-doekies.
- Skoonmaakmiddels.

## KURSUSSE/JEUG/LEER MEER

Communitas  
021 808 9050



#imagine

# SAVE THE DATE

27-29 MARCH 2020  
>>> R500-00 per person

TEENAGERS 13 – 18 | VOLUNTEERS & GROUP LEADERS ALL AGES WELCOME

WWW.FACEBOOK.COM/IMAGINEMOVE | INSTAGRAM: IMAGINE\_MOVESA | INFO@IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA | 079 991 7847  
WWW.IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA

## HOE EN WAAR WERK 'N KIX-GROEPIE ?



AANBIEDERS:  
SULET BRÜMMER  
ANNELET SLAZUS

13 FEBRUARIE  
COMMUNITAS



Wil jy graag kinders in jou  
gemeenskap bedien?  
Hierdie blits een-dag kursus  
gaan oor:

- Die ontwikkelingsfases en geloofs-  
groei van kinders
- Effektiewe aanbiedingsmetodes  
met goedkoop hulpmiddels
- Verhoudingsbou en  
groepsdinamika
- Doeltreffende aktiwiteite vir  
groot en klein groepe
- Kreatiewe handwerk idees  
met afvalmateriaal
- Lofprysing en gebed  
met kinders
- KiX in verskillende  
kontekste

Alle bestaande KiX leiers  
word uitgenooi na hierdie  
verfrisser, asook enige  
persone wat meer wil  
weet oor die tegnieke  
van KiX kinderbediening.  
KiX groepe kan by 'n  
kerke, nasorg, skool,  
crèche, of  
gemeenskapsentrum  
aangebied word. Die  
kurrikulum is ook gratis  
beskikbaar in Afrikaans  
en Engels.

AANGEBIED DEUR TAAKSPAN JEUG EN FAMILIEBEDIENING

# DINK JEUG KONFERENSIE

#bettertogether

SEP  
STELLENBOSCH 9-10

Hierdie is 'n Jeugbediening konferensie vir predikante,  
jeugwerkers en vrywilligers. Tydens die konferensie wil ons  
deelnemers help om ondersoek in te stel hoe  
intergenerasionele geloofsvorming kan bydra tot effektiewe,  
volhoubare bediening aan kinders, tieners en jong mense.  
Verskeie sprekers uit verskillende dissiplines sal hieroor  
praat. Werkswinkels sal onderwerpe soos  
erediens en liturgie, kategeese, huisgeloof, kinderbediening  
en jong volwassenes, insluit.

#bettertogether

Communitas  
021 808 9050



Hierdie is 'n praktiese kursus vir beginners wat met behulp van 'n selfoon en rekenaar wil begin met audiovisuele kommunikasie en getuienis. Die eerste dag is inleiding. Die tweede dag sal die video's wat die deelnemers gemaak het, bespreek word en verder verwerk word deur die groep.

# VERTEL STORIES MET VIDEOS





**25 FEB  
10 MRT  
COMMUNITAS**

Hoe kan 'n mens met 'n selfoon en minimum toerusting video's maak?  
Hoe kan jy video's gebruik in jou strategie vir 'n digitale bediening in jou gemeente?  
Basiese vaardighede vir beginners oor video-maak oor die verskillende genres

- Teks • Klankbaan
- Visuele inhoud
- Storievertel tegnieke
- Tegnieke wenke vir opnames • Redigering
- Die teikengroep en gebruik daarvan

## Die hantering van angs en depressie by jong mense



Hierdie 2-dag kursus is 'n interaktiewe aanbieding wat teorie en praktyk sal vermeng.

Die deelnemer sal toegerus word met goeie kennis oor die onderwerp van depressie en verbandhoudende temas, maar ook praktiese, werkbare gereedskap ontvang om te gebruik in die kerk- of skoolkonteks.

Die selfhelpgids, *Práát oor Depressie*, word as vertrekpunt gebruik.

9 - 10 Junie  
Communitas

Aanbieder:  
Johan Laten

AANBIEDER: NEIL BUCHNER

Communitas  
021 808 9050

2020

Hierdie jaar daag jou uit om oortuigend oor Jesus te getuig



**GO2020**

## EVANGELISM EXPLOSION

### EE Leier **Opfrissing**

**Dubbel Kursus:**

slegs

**90 + 90 Minute**

**HOOP VIR KINDERS**



**Saterdag 1 Feb. 2020 09.00-12.30**

**Steek gelowiges aan met die vreugde om die *GOEIE NUUS* te deel!**

#### Stap 1 – Verfris jou eie toerusting:

Elke opgeleide EE leier word uitgenooi om opnuut die gawe wat God jou gegee het aan te vuur deur jou evangelie roeping en getuienis te verfris. Woon die kort Dubbel Kursus saam met jou vriende en belangstellendes by en sonder dan Meimaand af vir spesiale evangelie-uitreik aksies.

#### Stap 2 – Gaan rus-toe:

Gaan bemagtig dan jou mede-gelowiges asook kinders met kort en kragtige getuienis toerusting vir opwindende praktiese getuienis.

#### Stap 3 – Reik uit:

Betrek jou gemeente om deel te neem aan die wêreldwye uitreik gedurende die maand van Mei 2020 deur gebed, vars toerusting en kreatiewe een-tot-een getuienis. Saam kan ons een miljard mense met die Evangelie bereik!

Verfrissende verkorte impak toerusting van beide die

**DEEL JOU GELOOF** en **HOOP VIR KINDERS**

Kursusse vind plaas by

Lourensrivier-Strand NG Gemeente, Jenningsstraat 55

Saterdag 1 Februarie 2020. Begin 09.00 & eindig 12.30

Bekom praktiese getuienis materiaal en idees om daadwerklik uit te reik in jou gemeenskap en skole. **Koste: Slegs 'n hartlike liefdesoffer per persoon.**

REGISTREER by Dina 071 225 2629  nie later as 27 Januarie om jou toerusting te verseker. EE SA 071 225 2629 / 012 333 0051 [www.ee3.org.za](http://www.ee3.org.za) / [www.go2020.world](http://www.go2020.world)

*"Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes."* Mat 9:37

# NUUS VANUIT DIE OMGEWING

## Amos Kaap-markte in 2020 ten bate van Plaasbearbeiding in Kaap

### Mark-datums vir 2020 in Strand volg:

- ✧ 01 Februarie Koue Bokkeveld koördineer
- ✧ 07 Maart Wellington koördineer
- ✧ 04 April Villiersdorp/Worcester koördineer
- ✧ 09 Mei Amos Studente koördineer
- ✧ 06 Junie Citrusdal koördineer

*Julle word vriendelik uitgenooi na die VRUGTEMARK VAN ARBEIDSBEDIENING .*

*Datum: VRYDAG 24 JANUARIE*

*Plek: NG KERK STRAND. BIRKENHEADSTR 42 STRAND.*

*TYD: 8.30 – 11.00*

*Kom koop heerlike vars vrugte en groente vanaf Villiersdorp, Grabouw en De Doorns, asook al die gewone basaar gunsteling. Kom geniet ook 'n koppie tee en versnapering in die teekamer.*

*Navrae: Jan van den Berg. 021-8531631 / 0768855533 / 0761347780*

**12 tot 18 Januarie 2020**

**Dit is die eerste week ná Epifanie**

*Inligting uit Leesrooster vir Lidmate – gebaseer op die kerkjaar (verkort)*



- ♥ Rus in Psalm 29
- ♥ Lees die week se Fokusteks: Handeling 10:34-43
- ♥ Ander tekste: Jesaja 42:1-9; Matteus 3:13-17

Epifanie herinner ons dat Christus op aarde verskyn het en mense Hom kon sien. Hy het nie net vir Jode verskyn nie, maar vir alle mense op aarde.

Miskien herinner Petrus ons vandag daaraan dat ons almal deel is van God se mense.

Afsondering en stilte stel ons beslis in staat om God se stem en roeping in ons lewe te hoor. Is daar plek in jou dag of week wat jy kan inruim om meer stilte in jou lewe in te nooi? Soek 'n stil plek in jou huis of kantoor en lees dalk die psalm van die week of die fokusteks 'n paar maal. Probeer om vir 10 tot 30 minute rustig te sit en na God se stem te luister.

In Jesaja 42 roep God die volk Israel. Anders as gewoonlik roep Hy hulle nie maar net om te doen waaraan hulle gewoond is nie, maar hierdie keer om die lig vir die nasies te wees.

- ♥ Ons is almal God se mense.
- ♥ Ons optrede teenoor mekaar verswak of versterk ons getuienis.
- ♥ Ons droom oor nuwe werklikhede.
- ♥ Ons word stil om na God te luister.
- ♥ Ons word geroep as lig van die nasies.

## ♥ Nuus vanuit Decoligny-gemeente

Mag 2020 vir elkeen 'n jaar van toewyding en oorgee aan die Here wees. Hy is die Een wat ons die geskenk van geloof gee (Rom. 12:3), laat ons daaglik daaraan werk om ons geloof te versterk, ons verhouding met God te verdiep en Hom so te verheerlik. Laat ons nie verslap in ons voorbidding vir ander nie, so werk ons in plekke waar ons self nie fisies kan wees nie. Werksaamhede in Decoligny gemeente spring weg teen 'n tempo. Laat elkeen van ons wat vir hierdie werk bid, dit doelgerig doen en hulle daaglik aan die Here opdra.

### **BID:**

Die Manne Aksie hou 'n beplanning vergadering op 19 Januarie. Die Getuienis Kommissie van die gemeente vergader op 25 Januarie.

Die Vroue Aksie se eerste fondsinsameling byeenkoms vind plaas op 2 Februarie. Die Sondagskool aksie se opening is op 8 Februarie

Die eerste Manne Aksie byeenkoms is op 9 Februarie te Lindile en die eerste Kerkraad vergadering vind plaas op 16 Februarie.

### **INLIGTING:**

Sam Dandala en sy gesin het verhuis na Port Elizabeth waar hy 'n werk gekry het by Marina Sout Werke in die personeel afdeling. Hy gaan maandeliks vir ongeveer 'n week terug na Mthatha en Decoligny om sy verpligtinge daar na te kom. Hulle huur 'n blyplek in Lorraine en die seuns gaan daar na die skool. Sam het goeie uitslae gekry vir sy vakke van verlede jaar. Hy het reeds ingeskryf vir die vakke van 2020 en die einde van Januarie gaan hy vir sy eerste kontaksessie van 2020 in Pretoria. Hy sukkel met Grieks en Hebreeus en het vir die huidige die twee tale "geparkeer" (in sy woorde).

Die grond kwessie van Decoligny is nog nie opgeklare nie, al is dit tans rustig daar. Daar was gelukkig die afgelope tyd geen voorvalle nie. Die kerk wag nog vir die saak in verband met die grond kwessie om in die Hooggeregshof voor te kom. Die munisipaliteit van Mthatha wat die aanhitters was in die skep van die gruis myn op die Decoligny gronde, wil nou geen verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie.

Sinethemba se kinders kom ook hierdie week terug na hul vakansie. Die een hartseer situasie is dat een van die dogters deur 'n ander dogter by haar huis te Port St Johns met 'n stukkende bottel in die hand gesteek is. Die wond het ontsteek en daar sal nou baie aandag aan haar gegee moet word. Sy skryf vanjaar Graad 12.

### **DANK:**

Na 'n baie lang tyd van droogte, het die sentrale deel van Transkei goeie reën gekry. Al is dit te laat vir meeste mense om mielies te plant, is die riviere vol en die grasheuwels mooi groen. Ons dank die Here vir die uitkoms.

Mama Felicia se gesondheid is baie beter nadat sy gedurende die vakansie in die hospitaal opgeneem is met bloeddruk en diabetes probleme. Sy sê dat sy baie goed gerus het en goed voel en krag het vir die nuwe jaar met al die uitdagings. Van die personeel lede het bedank en is vervang met nuwe mense. Na die reën, beplan hulle om hierdie week nog die tuin te laat omploeg om so gou moontlik groente te plant.

Proponent Calvary is vir die VGK Mthatha gemeente beroep. Decoligny gemeente het nog nie besluit om 'n leraar te beroep nie.

(Inligting voorsien deur Sam Dandala (Decoligny) en Felicia Twantwa (Sinethemba))

Groete in Jesus Christus

Willem Botes

083 658 2154 / 021 854 4620

[wgpotes@gmail.com](mailto:wgpotes@gmail.com)

## HUWELIK:

Die gras is nooit groener aan die ander kant van die draad nie. **Dit is groener dáár waar dit versorg word.** Jy wil jou gras versorg want 'n versorgde huwelik is 'n huwelik met 'n hoopvolle toekoms. Doen dié maand moeite in jou huwelik deur onkruid (dít wat jou huwelik verniel) uit te trek, bemesting te strooi (te belê in dit wat jou huwelik beter laat groei), en saailinge nat te lei (dié dinge in jou huwelik wat die potensiaal het om groot hoogtes te bereik, ook jou kinders).

Maak die besluit dat jy in 2020 jou huwelik op 'n gereelde basis sal versorg en vier! En hoekom maak jy nie weer 'n groot bohaai oor jou huweliksherenking nie? Ons vertel jou meer in die artikels onder! (besoek die webwerf <https://bit.ly/35WIPGP> vir nog artikels en inligting).

Lees vandag hierdie 3 artikels en maak jou huwelik weer **VOL hoop!** (sien artikels onder):

- **Vergifnis in jou huwelik is 'n groot woord...**Vind uit hoe vergifnis in jou huwelik moet lyk.
- Kry dit hier: **Plan van aksie vir jou huweliksherenking!**
- **Om te leef met HOOP** - ons wys jou hoe!

- Liezel en die INTIEM span

**BRON (INTIEM) Besoek die webwerf vir meer inligting : <https://bit.ly/35WIPGP>**





# ADVERTENSIES



## Kerk in Suid-Afrika KOMMUNIKASIEBEAMPTTE (Bellville)

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) nooi hiermee geskikte kandidate uit om aansoek te doen om die pos as kommunikasiebeampte. Die suksesvolle kandidaat moet die waardes en visie van die Sinode van Wes-Kaapland onderskryf, bemark en kommunikeer. 'n Aanvoeling vir die kerklike omgewing, sowel as ondervinding van die NG Kerk se strukture sal die aansoek versterk. Sterk kommunikasievaardighede en kennis van sosiale media is noodsaaklik.

**Sluitingsdatum:** Maandag 3 Februarie 2020 om 12:00

Besoek asseblief ons webblad by <https://kaapkerk.co.za/ng-kerk-in-sa-kommunikasiebeampte-voldagpos/> vir die volledige advertensie en inligting oor die aansoekproses. (alternatiewe voorstel vir koppel:)

**Navrae:** Ronelda Visser by [kommunikasie@kaapkerk.co.za](mailto:kommunikasie@kaapkerk.co.za) of 083 273 3984 of Francois Herselman (voorsitter van die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie) by [fherselman1@telkomsa.net](mailto:fherselman1@telkomsa.net) of 081 270 3226.

# Gerhard Enslin

Religious Specialist in Christian Pastoral Counselling

"SERVING THE SPIRITUAL, EMOTIONAL AND RELATIONAL  
WELLBEING OF INDIVIDUALS AND GROUPS"

*Individuals and couples  
Groups, teams and staff  
Schools, hospitals, businesses*



[enslin.care@gmail.com](mailto:enslin.care@gmail.com)

5 Jonkershoek Street  
Strand, Western Cape

AFFILIATED WITH ACRP  
REGISTERED WITH CPSC

HELEN  
*Dellwet-Krige*

BA SPRAAKHEELKUNDE EN OUDIOLOGIE

Sarel Cillierstraat 149, Strand, 7140  
[www.helendewetkrige.co.za](http://www.helendewetkrige.co.za) | [helendwk30@gmail.com](mailto:helendwk30@gmail.com)  
082 781 8391

Praktyk N<sup>o</sup> 08200008203423 | HPCSA Reg. N<sup>o</sup> STA0003727

